Donderdag **4 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 51**

**Fokusgedeelte: Psalm 51:18-19**

**God sal ’n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie**

In Sondag 33 van die Heidelbergse Kategismus word die vraag gevra: “Wat is ware bekering?” Dit veronderstel dat mens ook so iets soos valse bekering kry. Valse bekering is wanneer mens eintlik net spyt is oor die gevolge van jou sonde. Jy is nie so gepla oor jou sonde self en wat dit aan God se Vaderhart doen nie. Mense by wie daar valse bekering is, sal ook eerder probeer om die sonde toe te smeer, of verskonings daarvoor aan te bied, of dit af te maak as “nie so erg nie”. Die groot eienskappe van valse bekering is dat daar nog nie by jou ’n hartsverandering plaasgevind het nie. Daar is nog nie ’n hart vol ootmoed en berou nie.

Deur die genade van die Here sien ons by Dawid in hierdie psalm iets van wat ware bekering is. In die eerste plek probeer Dawid nie sy sonde verder toesmeer of afmaak nie, maar hy erken en bely dit (vs 5-6). Tweedens sien ons ootmoed en ware berou (vs 18-19). Ons sien verder dat Dawid begeer dat sy sonde uitgewis moet word (vs 3, 9, 11). Mens begeer dat jou sonde uitgewis moet word wanneer mens begin besef hoe aaklig en hoe verskriklik jou sonde is, en wat dit aan God se hart doen, en ook wat dit aan die werking van die Gees in jou doen (vs 13). Dan begin jy jou sonde haat, soos wat God ook sonde haat (Ps. 97:10; 101:3).

Hoe is hierdie ware bekering dan moontlik? Dit kom nie uit onsself nie. Daarom vra Dawid in vers 12 vir die Here om sy hart te verander. Sien jy dat mense in die Ou Testament al besef het dat dit net God is wat harte kan verander? God verander jou hart deur Jesus se kruisdood en opstanding. Wanneer jy deur ’n ware geloof een met Jesus word, dan gaan jou ou mens saam met Jesus dood, en jou nuwe mens staan saam met Jesus op. Ons noem dit ons wedergeboorte.

Ongelukkig leef ons as wedergebore mense nog nie altyd soos nuwe mense nie. En daarom gee God ook sy Heilige Gees wat ons lewenslank al hoe meer nuut maak – al hoe meer maak wat ons reeds in Jesus is. En hierin moet jy met die Heilige Gees saamwerk! Mag daar ook by jou voortdurend sulke ware bekering wees!

*Sing: Psalm 25-1:2-3*

*Ds. LM (Marcel) Floor (Sasolburg)*